UNIVERSITEIT • STELLENBOSCH • UNIVERSITY

# KAMPUS nuus



## STAN DU PLESSIS
'n Ewige student

MGD and USB celebrate 50 years

US hou weer propvol Diversiteitsweek

Keep calm ... and avoid burnout

Sonderlinge biografie oor Arnold van Wyk

JAAR 22#7 SEPTEMBER 2014 YEAR 22#7 SEPTEMBER 2014
US Personeelblad SU Staff Magazine

## contents inhoud


My Kampus: Elvandré Galant droom groot ..... 3
Thuthuka celebrates its 10th anniversary ..... 4
LLL word 110% Green-vlagskipprojek ..... 5
Maties Sport welcomes new Chief Director ..... 6
Employers rank USB top in survey ..... 7
Celebrating 50 years of "MGD" and USB ..... 8
FVZS Instituut neem die leiding ..... 10
US vier weer sy diversiteit ..... 11
New Mandela exhibitions open ..... 12
Kampuslewe: Eet, lees en luister ..... 13
Are suffering from burnout? ..... 14
In gesprek met prof Stan du Plessis ..... 15
Brokkies in Beeld ..... 16



6


8


15


*Redakteur:* Wayne Muller
*Voorbladfoto:* Stefan Els
*Bladontwerp:* SUN MeDIA
*Drukwerk:* SUN MeDIA
*Advertensies:* Conita Henry
tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
*Redaksionele bydraes aan:* Die Redakteur,
Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
faks: 021 808 3800,
e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
of wmuller@sun.ac.za

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY




## VAN DIE Redakteur

Op 24 September vier Suid-Afrikaners Erfenisdag. Dit is 'n dag waarop ons nadink oor wie ons is en waar ons binne die samelewing inpas, asook ons land se uiteenlopende kulture en mense leer ken en vier.

Binne die kampusgemeenskap is dit net so belangrik om te besef dat daar uiteenlopende mense hier is en dat elkeen 'n waardige plek op kampus inneem. Dit is juis hoekom die ontslape US-rektor, prof Russel Botman, verlede jaar die Diversiteitsweek van stapel gestuur het – 'n week vol aktiwiteite waarin ons ons eendersheid én andersheid vier.

Vanjaar maak ons weer so aan die einde van September. Daar is weer eens 'n propvol program, van debatte tot musiekkonserte. Lees op bladsy 11 meer oor hoe die US vanjaar sy diversiteit vier.

Our heritage also lies in what we have done over the years. *Kampusnuus* looks back on the history of Maties Community Service (or better known as MGD, *Maties Gemeenskapsdiens*) and the Business School (USB) at the Bellville Park Campus, which both celebrate their 50th year in 2014.

Both MGD and USB has made a huge contribution to society through community interaction and training leaders in the business world respectively. Read more on page 8 on how far these two institutions have come.

An icon who has urged us to celebrate our heritage is former president Nelson Mandela. Two exhibitions are currently on view at the SU Art Museum in which Madiba's legacy is celebrated. On page 12 we tell you more about these exceptional exhibitions.

Suid-Afrikaanse kunsmusiek kom ook aan bod in 'n nuwe biografie oor die Stellenbosse komponis en gewese US-musiekdosent Arnold van Wyk, én daar is boonop vandeesmaand 'n konsert in die Fismersaal met van sy liedere wat nog nooit voorheen gehoor is nie.

Vier dié maand jou erfenis. En geniet hierdie uitgawe van *Kampusnuus*.

*Wayne*

## KAMPUS klets

Congratulations to Hugo Pienaar for being named Thomson Reuters South Africa Economist of the Year (2014). That is an awesome achievement. – *Busi*

Welcome to Maties my ex-UWC colleague Ilhaam Groenewald (new Chief Director for sport, see page 6). You are going to be such an asset to SU. – *Marilyn de Vries, Tygerberg Campus*

Die nuwe lesingsaal in die Van der Ster-gebou was nie sonder probleme nie. Dit plaas ons wel in 'n ander klas. Dankie aan die projekbestuurder, Ivann Willmot, en beplanner, Charin Gilbert. – *Dirk Theart*

Congratulations to all the distinguished professors (see page 5). I am also glad to have been associated with Prof Louw Hoffman during my studies at Stellenbosch University. Well done. You make our institution proud. – *Oliver Zishiri*

Kan nie glo dat die USKOR waarby ek in 1982 tot 1986 gewerk het nou nog steeds so groot in dienslewering staan nie! Geluk MGD met jul 50ste verjaardag (sien bladsy 8). Julle voeg waarde by tot jong studente wat hulle lewenslank sal versterk. – *Elize le Roux*

Wow! Thumbs up to the management of the University of Stellenbosch Business School (USB) with its accreditation (see page 8) – *Asand'amadoda Mditshwa*

"We should try and have more conversations to acknowledge differences". – *Stellenbosch SRC (@StelSRc)*

Johannesburg Symphony Orchestra crisis averted due to @StellenboschUni Orchestra's help. – *David Fick (@davidfick)*

*Briewe aan Kampusnuus is welkom. Stuur 'n kort brief na kampusnuus@sun.ac.za, faks 021 808 3800 of lewer af by Admin B. 'n Skuilnaam mag gebruik word, mits jou naam en e-pos/fisiese adres (nie vir publikasie nie) verskaf word. Kampusnuus behou hom die reg voor om briewe te verkort en te redigeer. Lewer kommentaar op die US Facebook-blad by www.facebook.com/stellenboschuniversity, of volg ons op Twitter (@stellenboschuni).*





# 'n Bewaarder van erfenis

*Vandeesmaand vier Suid-Afrikaners Erfenisdag (24 September) en as museum-assistent by die US Kunsmuseum doen die 24-jarige Elvandré Galant beslis sy deel vir die bewaring van Suid-Afrikaners se erfenis. Deur ILSE ARENDSE*



**Ek werk al sedert 2009 ...** by die US Kunsmuseum as assistent vir die senior museumbewaarder, maar ek moet regstaan en help met 'n verskeidenheid van take. Dit sluit in die uitleg van nuwe uitstallings, sowel as die ophang en afhaal daarvan. Maar ek het beslis 'n natuurlike aanleg vir rekenaars en informasie tegnologie, en help graag my kollegas met IT-probleme en tegniese werk.

**Daar is nie iets soos 'n tipiese werksdag vir my nie ...** Behalwe my daaglikse take, doen ek ook eksterne tegniese en elektroniese werk ná-ure in diens van die Universiteit. Dit wil sê ek kan nooit regtig my dag beplan nie, want ek weet nooit wat beland volgende op my tafel nie. Maar dit is hoe ek daarvan hou – die onvoorspelbaarheid van my werk maak dit vir my interessant en hou my op my tone.

**Ek hou van my werk ...** en ek sal graag wil hê die publiek moet 'n groter poging aanwend om die Museum te besoek, want hier is soveel wat hulle kan leer, veral oor die geskiedenis. As deel van die US se 20 jaar van demokrasie-vieringe het die Museum onlangs twee nuwe uitstallings in samewerking met die Nelson Mandela Museum bekendgestel. Die uitstalling, *For Madiba with love*, duur tot volgende jaar. (Lees meer hieroor op bladsy 12.)

**Vriendelik, behulpsaam en hardwerkend ...** dít is hoe ek myself sal beskryf. In my huidige posisie kom hierdie kenmerke handig te pas. My kollegas met wie ek so goed oor die weg kom, maak elke dag 'n plesier. Ek leer elke dag iets nuut en ontmoet mense van verskillende kulture wat die Museum besoek.

**In my vrye tyd ...** ontspan ek maar meestal in my tuisdorp, Jamestown, net so 'n entjie buite die kern van Stellenbosch. 'n Goeie fliek so af en toe en 'n braai saam met my vriende bly ook nie agter nie. Dit help my om van die stres by die werk ontslae raak. In die nabye toekoms wil ek graag voortgaan met my werk hier by die Museum, maar my kop staan beslis studies se kant toe sodat ek myself formeel kan kwalifiseer. So ek beoog om binnekort vir 'n graad in IT te registreer.





*Foto's: STEFAN ELS*

# Thuthuka celebrates its 10th anniversary

The Thuthuka programme, an initiative aimed at motivating previously disadvantaged learners to pursue a career as chartered accountants, is celebrating its 10th anniversary on campuses countrywide.

Thuthuka is a Zulu verb meaning "to develop," which is exactly the purpose of this project of the South African Institute of Chartered Accountants (SAICA). Through the Thuthuka Bursary Fund and the Thuthuka Education Upliftment Fund, SAICA has helped thousands of students to realise their dreams.

At a celebratory function in Johannesburg recently, SU was awarded with a certificate of excellence for the work it has done in promoting transformation, the success of the Stellenbosch Thuthuka programme and its contribution to transforming the accountancy profession. Project manager Riaan Rudman received the certificate from Sizwe Nxasana, chairperson of the Thuthuka Bursary Fund Trust and CEO of FirstRand.




*Stellenbosch Thuthuka project manager Riaan Rudman receives a certificate of excellence on behalf of SU from Sizwe Nxasana, chairperson of the Thuthuka Bursary Fund Trust and CEO of FirstRand.*

A decade ago a total of 322 black and 222 coloured chartered accountants were registered with SAICA. By the end of 2013, these numbers had grown to 2520 black and 973 coloured chartered accountants – a significant achievement considering it takes seven years to qualify.

The Stellenbosch Thuthuka programme was launched in 2007 with 20 students. Since then, 75 students have graduated with a BAcc degree and 37 students with BAccHons. Earlier this year, one of the students from the very first intake, Amber de Laan, now a registered chartered accountant, joined SU as a lecturer and Thuthuka project manager.

In marking these achievements, Stellenbosch Thuthuka students have organised various activities including poem writing, creating a special song and distributing cupcakes on campus. They also produced a video commemorating the history of the programme.

# Michael le Cordeur honoured for community upliftment



*Dr Michael le Cordeur*

Dr Michael le Cordeur, senior lecuturer in the Faculty of Education, was a recipient of the first ever Goue Drakies/Golden Dragons Mayoral awards presented by Drakenstein's Mayor, Adv G van Deventer.

The Drakenstein Municipality includes towns such as Wellington, Paarl, Hermon, Gouda and Saron.

The annual event aims to recognise and thank citizens who contribute to making Drakenstein a place of excellence. The awards honour the people and programmes who work on a voluntary basis to create a better society. These awards give recognition to members of the community who selflessly give from their own resources and time to care for those less fortunate or better and uplift the communities around them.

"Their positive contribution to the improvement of our community as a whole sets an example for what can be done with a little effort," said Van Deventer at the awards ceremony.

All the recipients were nominated by the various local communities.

Le Cordeur and Marlene le Roux received the award for their research and book, *Wellingtonse Klopse – 100 Jaar van Onvertelde Stories*, and for a positive contribution to history and culture through this publication on Wellington's Klopse tradition.

All recipients received a trophy and a certificate.

# Saartjie Botha bestuur US Woordfees in 2015

Saartjie Botha, bekroonde dramaturg en teater-impresario, is aangestel om die 2015 US Woordfees te bestuur, terwyl Rudolf Gouws, voormalige hoof-ekonoom van Rand Merchant Bank (RMB) en buitengewone professor in Ekonomie aan die US, aangewys is as voorsitter van die Woordfees Advieskomitee, wat die feesbestuur adviseer.

"Die US Woordfees lê die Universiteit na aan die hart en ons bly daartoe verbind om dit verder uit te bou. Die nuwe aanstellings gaan ons hiermee help," het prof Mohammad Karaan, waarnemende Viserektor (Gemeenskapsinteraksie en Personeel), gesê.

Botha is 'n bekende in teaterkringe. As dramaturg het sy lof verwerf vir veral *Altyd Jonker* en die onlangse *Balbesit*. As vervaardiger het sy meer as 50 produksies op haar kerfstok, en is sedert 2001 by die Woordfees betrokke as koördineerder van die teaterprogram.

Die US Woordfees is een van die suksesvolste kunstefeeste in die land. Die 15de fees, wat in Maart vanjaar plaasgevind het, het alle vorige rekords nogmaals oortref. Kaartjieverkope het met 21,4% gestyg vergeleke met 2013.

Prof Dorothea van Zyl, stigters-direkteur van die US Woordfees, het in Maart aangekondig sy lê vanjaar dié tuig neer.

"Ons bedank prof Van Zyl vir haar jarelange toewyding om die US Woordfees so 'n geslaagde en gehalte-geleentheid te maak," het Karaan gesê.

Die US Woordfees vind van 6 tot 15 Maart 2015 plaas.





*A group of 33 SU professors was formally appointed as Distinguished Professors at a function held on Friday, 8 August, at STIAS. This was an initiative of the late Prof Russel Botman. The appointments are valid for five years and re-appointments can be considered. At the event, Prof Arnold Schoonwinkel, Vice-Rector (Teaching and Learning), said it is the first time that SU has created a formal position for recognition for the University's best academics.* Photo: ANTON JORDAAN

# LLL word eerste vlagskipprojek van 110% Green




*Abigail McDougall, Helen Zille en Mathew Smorenburg.*

Die Luister, Leef en Leer-inisiatief (LLL) is gekies as 'n vlagskipprojek van 110% Green, die Wes-Kaapse regering se inisiatief om deelname in die groen ekonomie te stimuleer.

Die inisiatief is gekies te danke aan die lewenswyse wat dit studente bied – 'n lewenswyse wat sosiale en omgewingsvolhoubaarheid bevorder.

Helen Zille, Wes-Kaapse premier, het die 110% Green-vlag aan die LLL-koördineerders Mathew Smorenburg en Abigail McDougall oorhandig by die 110% Green Mandeladag-vieringe wat op 18 Julie by Spier aangebied is.

110% Green is 'n platform wat besighede, NRO's en plaaslike regerings aanmoedig om hulself meer as 100% te verbind om minstens 'n 10%-impak te hê om ekonomiese groei en ontwikkeling met volhoubaarheid te verbind.

"Die aanwys van LLL as 'n vlagskipprojek is 'n opwindende geleentheid om die blootstelling van innoverende residensiële projekte by die US te verhoog en ook by die provinsiale, nasionale en globale gesprek oor die rol van universiteite in die Groen-ekonomie aan te sluit," sê McDougall.

Die LLL-inisiatief kan 200 studente in 26 huise huisves, waarvan 15 in die nuwe LLL-dorp is. Die huise het sosiaal-relevante temas en die studente in die program kom van diverse agtergronde. Die LLL-dorp se drieverdiepinghuise huisves agt studente elk. Dit verminder individuele spasie en vergroot gemeenskaplike spasies en bevorder integrasie en interaksie.

Die verhoogde digtheid lei tot 'n vermindering in die hoeveelheid pendelverkeer na Stellenbosch. Die dorp is sentraal tot kampus en bied min parkering, wat as aanmoediging vir studente dien om te stap of fiets te ry. Vullis word geskei om die hoeveelheid vullis wat vullishoop toe gaan te verminder. Al die plante is eetbaar.

Die inwoners is goed voorberei om innoverend te dink en anders in Suid-Afrika te leef wanneer hulle die Universiteit verlaat.

# Military Academy hosts Netherlands-South Africa International Security Course

The Faculty of Military Science, as a result of its international stature and past performance, was again selected to present the annual International Security Course (ISC) in 2014.

The Centre for Military Studies (CEMIS) and the Royal Dutch Defence Academy co-hosted the annual Netherlands-South Africa ISC at the Military Academy at the Saldanha Campus.

This year, the students were junior officers from the defence forces of Botswana, Kenya, Mali, Mozambique, Namibia, South Africa, Uganda and Zambia. The course was presented by lecturers from CEMIS, the SA Military Academy, the Royal Dutch Defence Academy and the International Red Cross. The feedback from attendees was again very positive.

The course content is intended to address the needs of the junior officers serving on peacekeeping or other complex missions. The course also equipped attendees with a broader understanding of the geo-political environment in which current missions are undertaken, as well as provide knowledge transfer on human rights, the law of armed conflict, the role of gender in conflict and peace, and lessons learnt from specific case studies. Due to requests from the students, the duration of the course was extended this year to two weeks.

# Maties-Helderberg-atlete presteer by Statebondspele

Twee lede van die Maties-Helderberg Sportklub vir mense met gestremdhede het hul afrigter die perfekte verjaardaggeskenk gegee toe hulle op 28 Julie goud en silwer gewen het in die 100m (T37) by die Statebondspele in Glasgow, Skotland.

Die Paralimpiese atlete Fanie van der Merwe en Charl du Toit het dr Suzanne Ferreira se dag gemaak toe hulle onderskeidelik eerste en tweede oor die wenstreep genael het.

Ferreira, 'n dosent in Sportwetenskap aan die US, het op haar Facebook-blad geskryf: *"My birthday present from the champions! They kept their promised to deliver! Precious moments in our journey! Thank you and well done!"*

Die bestuurder van die klub, Wentzel Barnard, het gesê dit was lekker om te sien dat die atlete so goed presteer, want hulle werk baie hard.

Nog 'n lid van die klub, die 19-jarige Lean Simon, het vyfde in die F42/F44-klas vir diskus geëindig met 'n afstand van 46,39m. Dit is 'n persoonlike beste en 'n Afrika-rekord.

Jackie Wiese, Direkteur: Maties Sport, het gesê hulle is baie trots op die prestasies wat die atlete behaal het, asook die afrigters wat verantwoordelik was vir die voorbereiding van die atlete en ook die ondersteuning wat die klub aan sy lede verleen.

"Die klub word met reg erken as die Sentrum vir Uitnemendheid van Paralimpiese Sport in Afrika. Die prestasies van atlete is die produk van hul buitengewone toewyding en kan direk gekoppel word aan die kundigheid en toewyding van die afrigters en 'n eersteklas- geïntegreerde mediese en wetenskaplike ondersteuningsprogram wat gevolg word."



*Charl du Toit, dr Suzanne Ferreira en Fanie van der Merwe.*

# SU welcomes new chief director for sport



*Ilhaam Groenewald Photo: ANTON JORDAAN*

Maties Sport welcomed a new Chief Director for Sport on 1 August when Ilhaam Groenewald, previously the Director of Sport Administration at the University of the Western Cape (UWC), stepped into this new role. Jackie Wiese, the current Director of Sport at SU, will be retiring at the end of 2014.


Groenewald hails from the Northern Cape but moved to Cape Town in 1988 in order to pursue her higher education studies at the former Peninsula Technikon. Whilst her academic qualifications are focused on business administration, her passion lies within the field of sports management and development. For this reason she is currently pursuing a Master's degree in Sport and Recreation at UWC.

She has been employed within UWC structures since 1991 and shifted her focus to sport from 2000 onwards. Since 2005 she has been the head as well as director of sport administration at the institution.

In addition she has occupied a number of representative roles within higher education sport, including, among others, being first vice-president of University Sport South Africa (USSA), the chairperson of the South African Universities Heads of Sport Forum, and an executive committee member of Varsity Sports.

"I certainly look forward to new beginnings and to working together with the Maties Sport staff in taking sport at SU forward during this period," said Groenewald.

# Prof Ian Cloete is nuwe hoof vir INB



*Prof Ian Cloete*

Prof Ian Cloete is sedert 1 Julie die nuwe Senior Direkteur: Institusionele Navorsing en Beplanning. Hy volg prof Jan Botha op wat tans aan die Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap en Tegnologie (SENWET) verbonde is.

Cloete was tot einde Junie vanjaar professor in Rekenaarwetenskap aan die Universiteit van Wes-Kaapland.

Hy het aan die US sy PhD in Ingenieurswese voltooi.

Benewens 'n lang verbintenis met die US – hy was tot 1999 verbonde aan die Departement Rekenaarwetenskap – strek sy ondervinding in hoëronderwys wyd. Hy het 'n professoraat in Duitsland aanvaar waar hy betrokke was by die Bologna-proses van hervorming in hoëronderwys in die Europese Unie. Cloete het erkenning ontvang as genooide spreker by verskeie internasionale konferensies vir navorsingsbydraes in sy vakgebied en het op die redaksies van ses vaktydskrifte gedien.

"Stellenbosch is en bly 'n unieke universiteit. Hierdie is 'n besondere geleentheid om ervaring terug te ploeg en saam met my afdeling te streef na uitnemende universiteitsbestuur," sê hy.



# Universiteit verloor drie staatmakers




**MARIO SMITH,** personeellid en afrigter by die Maties Atletiekklub sedert 2008, is einde Junie in 'n motorongeluk oorlede.

Jackie Wiese, US direkteur van sport, het haar innige medelye aan Mario Smith se familie uitgespreek. "Mario was 'n besonderse atletiekafrigter en kollega. Sy insette sal gemis word en sy opgeruimde geaardheid sal ons altyd bybly."

Smith se afsterwe laat 'n groot leemte by die Maties Atletiekklub. "Mario se passie vir atletiek het altyd in sy verskeie klubverwante aktiwiteite na vore gekom en hy het 'n belangrike rol in die loopbane van 'n klomp Maties-atlete gespeel," het Mohamed Ally, hoofsportbestuurder van Maties Atletiek, gesê.

Smith was 'n spesialisafrigter in naellope-, hekkies- en die horisontale sprongitems (verspring en driesprong). Hy het ook 'n Vlak 5 IAAF-afrigtingskwalifikasie vir spronge gehad – die hoogste vlak van sy soort.

Van die vernaamste prestasies deur atlete onder sy leiding sluit in Luvo Manyonga se goue medalje in verspring by die 2010 IAAF Junior Wêreldkampioenskappe, Cornel Fredericks wat 'n finalis in die 400m hekkies by die 2011 IAAF Senior Wêreldkampioenskappe was, asook Shaun de Jager wat 'n finalis in die 4x400m aflos by die 2012 Londen Olimpiese Spele was.




**FRANCOIS PAUW** van die Departement Antieke Studie is op 11 Augustus oorlede. Hy was 63 jaar oud en sedert 1981 'n dosent aan die US. Studente oor dekades heen sal hom onthou vir sy toewyding en passie vir Grieks en kollegas vir sy onberispelike werksetiek, noukeurige oog vir detail asook sy liefde vir keurige Afrikaans en sy besondere spitsvondigheid.

Naas sy vak was sy groot liefde sy honde en die hange en klowe van die omliggende berge waar hy ontelbare klim- en staptogte onderneem het en in sy jong dae bekend was daarvoor dat hy indrukwekkende afstande in kort tye kon aflê. Hy was ook 'n kranige muurbalspeler.

Sy breë kennis van die antieke wêreld het kundigheid oor Latyn, klassieke en Bybelse Grieks en verskeie aspekte van die Griekse kultuur, politiek en letterkunde ingesluit. Hy was besonder wyd belese en sy sterkpunte was klassieke Griekse taalkunde, Griekse tragedie en komedie en veral die invloed van klassieke drama op moderne letterkunde.

Laasgenoemde was die onderwerp van sy publikasies oor die laaste aantal jare en hy sou in vandeesmaand weer ses maande verlof geneem het om verder hieroor navorsing te doen.



**PROF HANS PETER MÜLLER** van die Departement Inligtingswetenskap is op 14 Augustus oorlede nadat hy 'n geruime tyd siek was. Met sy heengaan het die departement en die US 'n briljante akademikus en baanbreker wat op vele terreine sy tyd ver vooruit was, verloor.

Müller (51) se opleiding in filosofie, teologie en sosiale teorie aan verskeie universiteite, insluitend die US, Tübingen en Utrecht, het tot 'n meestersgraad in filosofie en 'n PhD in sosiale teorie gelei. Sy studieleier vir sy meestersgraad, prof Anton van Niekerk, bestempel sy tesis as "tot vandag toe een van die bestes wat ek die voorreg gehad het om as studieleier voor op te tree."

Hy het 'n sleutelrol gespeel in die vestiging van die voorgraadse program in Waarde-en-Beleidstudie en in die nagraadse program in Besluitneming, Kennisdinamika en Waardes.

Müller was aktief betrokke by die sosiale transformasie van die afgelope twee dekades in Suid-Afrika.

# Employers rank USB top in survey

The University of Stellenbosch Business School (USB) has, for the third consecutive year, been rated the top school in the PMR.africa annual survey of accredited business schools offering MBA and MBL degrees in South Africa.

The respondents (employers) rated the MBA graduates and students in the workplace across 19 attributes – USB scored 8.00 out of a possible 10.00. For this achievement the school will receive PMR.africa's Diamond Arrow Award (highest rated).

USB's marketing director Marietjie Wepener commented: "This ranking demonstrates USB's excellent reputation as a foremost provider of business education in South Africa. It also shows how favourably South Africa's business and public sector leaders judge USB."

According to PMR.africa CEO Johan Hattingh human resource directors/ managers and line managers at listed and large companies, national, provincial and local government departments/municipalities, and state-owned enterprises participated in the survey. The ratings are based on the perceptions of the respondents.

Employees who are studying at or who have graduated from accredited business schools were ranked according to a list of criteria, including academic knowledge, application of knowledge in the workplace, communication skills/abilities, emotional intelligence, entrepreneurial skills/capacity/abilities, environmental awareness, ethical business conduct, financial management and human resource management.

The other attributes were implementation of corporate governance, information management, innovation, insight into sound sustainable development, international perspective, leadership skills/abilities, marketing management, operational management, quantitative abilities/skills and strategic management.

Hattingh said in a media statement: "The purpose of the awards is to celebrate excellence and to set a benchmark for others to aspire to."

# Celebrating 50 years

*This year, two stalwart institutions at SU – Maties Community Service and the University's Business School, USB – celebrate their 50th year.*

## Maties Community Service

Better known as MGD, Maties Community Service was established in 1964 when the first medical students to study at SU formed the "Universiteit van Stellenbosch se Klinieke Organisasie", or USKOR. Since then, this non-governmental organisation (NGO) has had a huge impact on communities in and around Stellenbosch.

It had survived difficult financial challenges in the NGO sector thanks to its unique connection to SU and by focusing on MGD's primary goal to serve a developmental role.

"This also remained central in MGD's strategy, despite the fact that the organisation has at times changed direction," says MGD Head Gareth Cornelissen.

"The impact that MGD has had on the lives of thousands of individuals and students through the structured student volunteer programme has helped us to make more than a difference out there. It has also helped us deliver SU students who possess the graduate attributes that the University expects of its students and who will be able to make a difference in society long after their graduation."

When USKOR was established, medical student volunteers provided primary health care services to so-called coloured communities in Kasselsvlei in Bellville, Kuilsriver and Bishop Lavis. The clinical services were later expanded to Scottsdene and Wallacedene, both situated in Kraaifontein. Later USKOR offered dentistry services as well as social work services and other student volunteer services.

In 1974, USKOR and the "Gemeenskapsorganisasie van die Universiteit Stellenbosch" (GOUS) officially became one organisation. In the same year, USKOR was also registered as an NGO.

Various activities, such as an after-care project, clubs for pensioners and the youth, housewives' clubs, sport, recreational activities for children, a community development project on farms in Stellenbosch, as well as nursery schools were offered in the areas USKOR served.

Ockie Bosman, USKOR's first permanent staff member and also its Executive Director from 1975 to 1983, says USKOR faced many challenges in doing its work during the apartheid years. "Initially there was a lot of distrust, in particular from the civic organisations. People were not always happy that USKOR was working in the area and wanted to know what we were doing there," says Bosman.



USKOR's dentistry clinic.



Student volunteers doing some gardening.

Relationships were further strained by the presence of the riot police and army, which patrolled the areas, and the effect of the Group Areas Act on the community.

Says Cornelissen: "At MGD it has always been about building partnerships, about working with the community, involving them in programmes and developing those programmes together. We don't just go into communities and tell them what to do. I think this is the reason why MGD has been accepted in our communities even during the more difficult times."

Over the years, MGD has also laid the foundation for the development of independent organisations, like the Dorothea Training Centre for children with mental disabilities, which was established in Cloetesville in 1989, as well as the Stellenbosch Work Centre, a "protected centre for adults with limited mental and physical abilities". In 1997, USKOR underwent a name change and became Matie Community Service.

Currently the following programmes, headed by senior programme managers, are offered by MGD: Adult Education and Training (Linda Jacobs), Skills and Development (also Jacobs), Primary Health Care (Avril Whate), and the One Stop Student Volunteer Programme (Michelle Pietersen).

*– LYNNE RIPPENAAR-MOSES*

### Achievements

- From February to September 2013, **1 052 patients** were treated through the Primary Health Care volunteer clinics in Kuilsriver, Franschhoek and Klapmuts, with **368 student volunteers** participating.
- In 2012 and 2013, the Adult Education and Training Programme received a **Merit certificate for Academic Excellence** from the Western Cape government, and was selected as the best centre in the country in 2013. This was the second time the centre has received this honour.
- Currently, **885 student volunteers** annually reach **2 500 people** in the Stellenbosch region via the **42 registered student-volunteer projects** of the One Stop Programme.

## Stellenbosch Business School

Over its five decades of business education, the University of Stellenbosch Business School (USB) was steered by seven directors, each one venturing into new terrain to develop the school from a local institution to one acknowledged by the international business school community.

The USB opened its doors in 1964 with 13 part-time MBA students from in and around Bellville. This was 56 years after Harvard in the USA offered the world's first MBA and seven years after INSEAD in France offered Europe's first MBA.

In the 1970s, former USB director Prof Helgaard Muller wrote in a report, "USB is now only focusing on [potential students from] the Western Cape, Southern Cape, West Coast and Namaqualand." A USB report from 2014 says, "USB's students come from everywhere in South Africa, 19 other African countries, Europe and elsewhere".

The key themes at USB today have their roots in the school's history:

- **Growing our portfolio of programmes:** USB's first director, Prof Jan van der Meulen (1964–1972), added a DBA degree to the MBA. He helped to establish an independent Department of Business Management and Administration, known as USB today. Today, USB offers a triple accredited MBA, three other Master's programmes, two PhD programmes and a cluster of other postgraduate programmes.
- **Working with the business world:** Prof Robert Tusenius (1972–1975) joined USB with extensive business experience. Today, some of USB's faculty members came with the same background as organisational leaders. This, coupled with USB's close cooperation with the business sector, helps to ensure an academic offering aligned with the needs of the world of work.
- **Growing our thought leadership:** As USB's third director, Prof Helgaard Muller (1975–1987) pressed for research and visiting lecturers from abroad. Today, USB creates thought leadership through research, academic discussions and other initiatives. In 1986, the school moved from the "pre-fab" buildings behind Karl Bremer Hospital to the Bellville Park Campus.
- **Spreading our wings:** During Prof Arminius Archer's term (1988–1993), the first Management Development Programme was presented in Namibia. Soon, other markets in Africa followed.



USB students working on microcomputers in 1987.

- **Offering African-focused areas of expertise:** Prof Dave Tromp (1993–1996) was director when the first exchange students, from the Netherlands, spent time at USB. Today, visiting students from all over the world attend classes at USB to learn from the school's African-focused expertise in, among others, development finance, corporate governance, leadership, management coaching, futures research, diversity management, and innovation for Africa.
- **Welcoming the world:** Prof Eon Smit (1996–2010) made great strides in opening up the world for USB. Today, USB's international participation is demonstrated by its three international accreditations, its international student body, visiting international faculty, its presence on the African continent, and agreements with over 80 foreign business schools.
- **Big enough to wear the Triple Crown, small enough to care:** Under Prof John Powell's directorship (2010–2013), USB acquired AACSB accreditation over and above EQUIS and AMBA accreditation. The school established its Small Business Academy, helping business owners from communities to grow their businesses.

### What does the future hold?

USB's new director, Prof Piet Naudé who joined USB this month, says, "I am looking forward to working with all the stakeholders to enhance the reputation of USB as a place of both cutting-edge management knowledge and a source of social development and hope."

*– AMANDA MATTHEE*



The USB campus in Bellville.

# FVZS Instituut neem leiding

*Die tweede semester hou groot dinge in vir die US se Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling. STEPHANIE NIEUWOUDT vertel meer.*

Dié semester het die Frederik van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling (FVZS) twee eerstes beleef: Nie net is telematiese onderrig vir die eerste keer op 30 Julie met die aanvang van die Demokrasie-en-Burgerskapkortkursus ingespan nie, maar vir die eerste keer is studente van die Militêre Akademie in Saldanha by 'n kursus (Vroue in Leierskap) betrek. Laasgenoemde is ook aangepas vir aanbieding op die Tygerberg-kampus en het daar op 2 September begin.

> "As deel van die FVZS se strategiese plan wil ons ons programaanbod oor die volgende paar jaar op 'n nasionale vlak uitbou."

"Die instituut het die afgelope paar jaar hard gewerk om sy kortkursusse – daar is 13 – op 'n volhoubare manier te ontwikkel en uit te bou en om die nodige eksterne befondsing te bekom. Ons is dankbaar vir befondsing van die Abe Bailey- en DG Murray-trusts," sê dr Leslie van Rooi, hoof van die instituut.

"As deel van die FVZS se strategiese plan wil ons ons programaanbod oor die volgende paar jaar op 'n nasionale vlak uitbou."

Gekoppel aan die strategiese rigting van die US het die FVZS besluit om die telematiese platform te gebruik om gedeeltelik aan hierdie groeiende nasionale fokus aandag te gee. Die Demokrasie-en-Burgerskapkortkursus is die eerste kortkursus van die instituut wat van dié platform gebruik maak. Studente van die Universiteit Kaapstad en Boland Kollege kan nou via telematiese uitsendings aan dié kursus deelneem.

> "Wanneer studente aan die US gradueer, moet hulle oor 'n bepaalde stel eienskappe beskik wat verby blote akademiese kwalifikasies strek. By die FVZS probeer ons hierdie eienskappe van graduandi uitbou en versterk, en daarom is dit belangrik om studente van oral te betrek."

"Ons beplan om ander kursusse aan te pas en uit te bou en om dit via die telematiese platform aan te bied. Hierdie model sal nie net op 'n eksterne vlak waardevol wees nie, maar sal ons ook help om 'n sterker teenwoordigheid op die Tygerberg- en Saldanha-kampusse te hê," sê Van Rooi.

Intussen is daar ook op die Tygerberg-kampus groot belangstelling in die Vroue-in-Leierskapkortkursus wat nou vir die eerste keer daar aangebied is.

Henry Africa, kursusfasiliteerder by die FVZS, die studente-koördineerders Jethro Georgiades en Tosca Ferndale, asook Douglas Heale, studente-assistent op die Tygerberg-



*Studente van die Universiteit Kaapstad en Boland Kollege kan nou, danksy telematiese onderrig, vir die eerste keer deelneem aan die kortkursus Demokrasie en Burgerskap wat deur die Frederik Van Zyl Slabbert Instituut vir Studenteleierskapsontwikkeling aangebied word.* Foto: HENRY AFRICA

kampus, het ook hard gewerk om die gewilde Vroue-in-Leierskapkortkursus na die Tygerberg-kampus uit te brei. Hierdie kursus is reeds goed op dreef op die Stellenbosch-kampus.

"Daar was nog altyd groot belangstelling van Tygerberg-studente om deel te neem aan dié kortkursusse," verduidelik Georgiades. "Van hulle het weekliks na Stellenbosch gereis om te kon deelneem, maar ons het ook besef van die studente kon eenvoudig nie die kursus in hul skedules inpas nie. Veral nie as 'n mens ook reistyd in ag neem nie."

Hoewel die FVZS al geruime tyd die kursus op die Tygerberg-kampus wou aanbied, gee Georgiades erkenning aan Steve Feris, Tygerberg-studenteraadslid vir leierskapsontwikkeling "wat ons gedruk het om dit te laat gebeur".

Volgens Georgiades was die grootste uitdaging die akademiese skedule van die Tygerberg-studente.

"Douglas het 'n belangrike rol gespeel om die behoefte onder studente te bepaal en om hul skedules uit te werk. Ons het aanvanklik gedink ons sou die kursusinhoud moes ontwerp om in te pas by die behoeftes van mediese studente. Douglas het ons egter laat verstaan dat die Tygerberg-studente iets wou hê wat nie noodwendig verband hou met dit wat hulle daagliks ervaar nie."

Volgens Georgiades is dit belangrik om moeite te doen om soveel moontlik studente wat nie op die hoofkampus is nie, te betrek.

"Wanneer studente aan die US gradueer, moet hulle oor 'n bepaalde stel eienskappe beskik wat verby blote akademiese kwalifikasies strek. By die FVZS probeer ons hierdie eienskappe van graduandi uitbou en versterk, en daarom is dit belangrik om studente van oral te betrek."



# 'Glocal' is lekker

***Die US hou van 29 September tot 3 Oktober sy tweede Diversiteitsweek. En soos verlede jaar se geleentheid, beloof vanjaar s'n om weer 'n kleurvolle viering te wees.***

Verlede jaar het prof Russel Botman, ontslape US-rektor, die Diversiteitsweek van stapel gestuur waarin die US die verskeidenheid van kulture, idees en perspektiewe onder sy personeellede en studente gevier het.

Einde vandeesmaand word dié tradisie voortgesit met die tweede Diversiteitsweek, wat van 29 September tot 3 Oktober op die Stellenbosch-kampus gehou word. Die program is propvol aktiwiteite waarin ons meer leer oor die agtergronde van al die verskillende mense wat hierdie kampus deel.

CELEBRATING DIVERSITY | GLOCAL IS LEKKER |

"Diversiteitsweek is begin om inklusiewe en diverse leerruimtes te skep waarin studente en personeellede in gesprek kan tree oor hul verskille en ooreenkomste binne 'n inklusiewe Matie-gemeenskap. Dit is deur baie verwelkom as 'n tree in die regte rigting om die belang van inklusiewe sosiale ondervindings te beklemtoon in die ontwikkeling van bekwame denkleiers," sê Monica du Toit van die US se Sentrum vir Inklusiwiteit, wat vanjaar se Diversiteitsweek reël.

*Meer inligting by www.sun.ac.za/diversiteit.*

Die vierings in 2013 het interaktiewe kunsaktiwiteite, musiek- en komediekonserte, asook akademiese debatte en gesprekke ingesluit. Die geleenthede het die uiteenlopende kulture, lande, tale, sportbelangstellings, kuns, vermoëns, talente en perspektiewe onder studente en personeellede na vore gebring.

Vanjaar het die Sentrum vir Inklusiwiteit oor 'n drie dae lange beplanningsnaweek in Maart wyd geraadpleeg onder studente uit verskeie leierskapstrukture en studentegemeenskappe.

Die lesse van verlede jaar is in ag geneem om nuwe, vars idees vir 2014 se program saam te stel.


Om die regte atmosfeer vir Diversiteitsweek te skep en almal in die regte bui te kry, is daar reeds via die sosiale media met 'n T-hemp-ontwerpkompetisie begin. Die 2014-week – met die tema "Glocal is lekker" – sal voortbou op Suid-Afrika se nasionale viering van 20 jaar van demokrasie en vryheid.


Die week skop af met 'n Afrika-vlagstaptog waarmee Suid-Afrika se bande met die vasteland gevier word. Die vyf dae lange program sluit in kritiese gesprekke, optredes deur Matie-kunstenaars, 'n blinde sokkerdoelskietkompetisie, 'n "selfie"-fotostalletjie, asook 'n musiekkonsert met die groepe Crazy White Boy en Dans Dans Lisa.

Ná die Diversiteitsweek sal 'n akademiese kollokwium ook gehou word. Al die gebeure, behalwe die kollokwium en Donderdagaandkonsert in die Neelsie, sal in en om die spesiaal opgerigte "dorpie" tente en tafels op die Rooiplein plaasvind.

## Hoogtepunte

- Die sangeres Vicky Sampson, bekend om haar liedjie "Afrikan Dream", tree op.
- Die Sêr-wenners en die musiekgroep Desmond and the Tutus sing saam in 'n konsert.
- Die komediant Anne Hirsch doen een van haar bekende lawwe onderhoude en vra rolspelers op kampus uit oor diversiteitskwessies.
- Die satire-pop Chester Missing en die singende maatskaplike kommentator Deep Fried Man gaan ook die lagspiere prikkel.




*Van die boodskappe wat studente verlede jaar op graffiti-tafeldoeke tydens Diversiteitsweek geskryf het.* Foto's: ADRIAN BAILLIE-STEWART

# New Madiba exhibitions open



*David Turnley's iconic photograph of Nelson Mandela (left) forms part of the exhibition* For Madiba with Love, *currently on at the SU Art Museum.* *Foto: STEFAN ELS*

The Stellenbosch University Art Museum in cooperation with the Nelson Mandela Museum opened two new exhibitions on 25 August. Both are about the life of the late Nelson Mandela. The exhibitions are titled *Black man in a white man's court – The forgotten trial of Nelson Mandela* and *For Madiba with Love*, which is a photographic exhibition by David Turnley.

After almost 17 months underground, Mandela was arrested on Sunday, 5 August 1962 – then the most wanted man in South Africa. Dubbed by the media as "The Black Pimpernel" for his ability to evade arrest, he was put on trial for leaving the country without a passport and for inciting workers to strike.

On the first day of his trial on 22 October 1962 Mandela made a speech, now known as the "Black Man in a White Man's Court" speech, while applying for the magistrate to recuse himself because he did not believe that he would be given a fair trial.

In *For Madiba with love*, Turnley documents his experiences of South Africa's transition to democracy.

It was as a 13-year-old boy growing up in the American Midwest of 1968 that Turnley first heard the word "apartheid" and the name Nelson Mandela.

His father, who had protested the invitation extended to two pro-racism speakers by the local Rotary Club, had explained the term and told him about the imprisoned Mandela. Two decades later, Turnley would become a close personal friend of the Mandela family.

The photo exhibition focuses more specifically on the period between 1985 and 1995.

Turnley (58) has photographed many of the seminal global events of the late 20th century and early 21st century – Afghanistan, the Middle East, the Berlin Wall, the student protests in Beijing's Tiananmen Square, Chechnya and many others – as well as the end of apartheid.

Turnley captured a jubilant Mandela walking out of Victor Verster Prison with his then wife, Winnie, and his first public appearance on the steps of the Cape Town City Hall. He was also in the Mandela home in Soweto when Mandela took his first meal there in decades.

The exhibitions run until next year.

## Lunch-time

Java Café, on the corner of Andringa and Church Street, is somewhat of an institution in Stellenbosch. It has been around for quite some time and is popular with a wide range of people – from students to tourists.

Its popularity is probably due to the fact that this restaurant is situated on a vibey intersection in the centre of town. You can sit outside and soak up the ambience of the town while enjoying some good food.

Java Café's menu caters for all tastes. They open early, so you can enjoy a strong cup of coffee and have your breakfast. Also on the menu are some interesting and tasty salads and pizzas – although not the best in town – with an array of toppings.

Their burgers are also popular, and don't forget to have something sweet for dessert – their cakes are to die for.



*Uiteindelik is die lente hier, en Kampusnuus het 'n paar lekker-doen-dinge wat jy dié maand kan probeer. Vir musiekliefhebbers is daar 'n dubbele dosis Arnold van Wyk – 'n besonderse biografie is onlangs oor dié Stellenbosse komponis bekend gestel, en 'n konsert met sy kunsliedere word in die Fismersaal gehou. Ons loer ook by Jave Café in vir middagete.*

## Luister

Die skoolseun van die 1930's – wat uiteindelik een van Suid-Afrika se voorste komponiste sou word – se vroegste komposisies gaan nou vir die eerste keer uitgevoer word.

Jeugliedere van die gevierde Suid-Afrikaanse komponis Arnold van Wyk, waarvan die meeste nog nooit tevore uitgevoer is nie, word op 20 September om 20:00 in die Fismersaal van die US Konservatorium aangebied.

Dit is deel van die aanloop tot die honderdste herdenking van dié komponis se geboortejaar in 2016. Hy het in 1983 gesterf.

'n Keur van 25 jeugliedere (sommige baie kort, andere langer) word uitgevoer – aangebied met kort, bondige mondelinge toeligting en aangevul met enkele brokkies beeldmateriaal.

In ongeveer 1931, of selfs effens vroeër, het die tienerjarige Van Wyk as Stellenbosse skoolseun sy hand aan liedkomposisie begin waag.

Baie eienskappe van sy volwasse



liedere is reeds duidelik in dié vroeë toonsettings van tekste van onder andere PB Shelley, A Symons, R Browning, ID du Plessis, C Louis Leipoldt, JRL van Bruggen en H Heine.

Die meeste van die liedere, met hul toeganklike melodieë, het tot nou slegs bestaan as die komponis se handgeskrewe weergawes, met die handskrif klein en soms moeilik leesbaar. Dit is vir dié konsert met 'n rekenaarprogram professioneel oorgeskryf.

Vanessa Tait-Jones (sopraan), Minette du Toit-Pearce (mezzosopraan), Barend van der Westhuizen (bariton) en Benjamin van Eeden (klavier) gaan die liedere uitvoer.

Volgens dr Magdalena Oosthuizen, 'n sangdosent wat die program saamstel en haar doktorale studie oor Van Wyk se liedere gedoen het, berus Van Wyk se aansien as kunsliedkomponis hoofsaaklik op sy twee bekende Afrikaanse liedsiklusse, *Vier weemoedige liedjies* en *Van liefde en verlatenheid*, en tot 'n geringe mate op sy vyf liedere op Latynse tekste van Petronius.

"Met die komende konsert in die Fismersaal word die klankbeeld van sy liedoeuvre onder die breë publiek dus aansienlik verruim," sê Oosthuizen.

Skakel 021 808 2358 vir meer besonderhede en om kaartjies te bespreek.

## Lees

'n Sonderlinge biografie oor die Suid-Afrikaanse komponis en pianis Arnold van Wyk, getitel *Nagmusiek*, uit die pen van prof Stephanus Muller is in Augustus bekendgestel.

Die boek bestaan uit drie volumes oor 916 bladsye, en is die mees omvattende biografie van 'n Suid-Afrikaanse komponis tot nog toe.

Van Wyk, wat aan die US Konservatorium doseer het, is op 26 April 1916 op 'n plaas buite Calvinia gebore. Hy het van kindsbeen af klavier gespeel, het in Stellenbosch skoolgegaan en studeer, voordat hy na die Royal Academy of Music in Londen gegaan het.

Hy het daar as komponis begin opgang maak en musiek vir 'n wye verskeidenheid instrumente geskryf. Hy word saam met Hubert du Plessis (1922–2011) en Stefans Grové (1922–2014) beskou as die eerste generasie Suid-Afrikaners wat Westerse kunsmusiek hier gekomponeer het.

Twee eredoktorsgrade is aan Van Wyk toegeken – van die Universiteit van Kaapstad in 1972 en van die US in 1981. Hy het op 27 Mei 1983 gesterf.

In die biografie verweef Muller, dosent in Musikologie aan die US Konservatorium, fiksie met feite: Hy het 'n fiktiewe biograaf genaamd Werner Ansbach geskep wat 'n boek oor Van Wyk wil skryf. Die eerste volume van die biografie is 'n volledige katalogus en werklys van Van Wyk se musiek en manuskripte. Volume 2 bestaan uit 806 eindnotas wat die tekste in Volumes 1 en 3 aanvul, terwyl Volume 3 bestaan uit 98 fragmente wat ook as hoofstukke beskryf sou kon word. Hieronder tel drie chronologieë en drie akademiese referate. Volgens 'n persverklaring word in die boek nie net oor Van Wyk se lewe en werk geskryf nie, maar is dit ook 'n bepeinsing oor die kuns van biografie, oor Suid-Afrikaanse klassieke musiek tydens apartheid, en die verhouding tussen die lewe en fiksie.

Muller is ook die hoof van die Dokumentasiesentrum vir Musiek (DOMUS) aan die US.



# Keep calm

*Are you overworking and taking on too many responsibilities? Be careful, you could end up suffering from burnout. Here's how you can cope. By PIA NÄNNY*

The term "burnout" is relatively new. It was first coined in 1974 by Herbert Freudenberger in his book *Burnout: The high cost of high achievement*.

"Burnout has been defined as a state of emotional, mental and physical exhaustion caused by excessive and prolonged stress or long-term involvement in emotionally demanding situations. Burnout arises in work situations where we have a high degree of responsibility (perceived or actual) and a low degree of control," says Janine Roos, Director of the Mental Health Information Centre at Tygerberg Campus.

Whereas stress is normal and can even be motivating, long-term stress can have very negative consequences.

"Burnout is a process rather than a fixed condition that becomes progressively worse. However, it can be addressed. You will have to make changes to how you work and live," Roos emphasises.

Physically you need to make sure that you get enough exercise, sleep enough and eat properly. Body nurturance is also important – treat yourself to massages, warm baths or facials.

Psychologically it is necessary to strike a balance between work, hobbies, play, socialising and learning.

Self-awareness is very important, according to Roos. "Give yourself time to think about who you are and where your life is going. Try to understand your current life circumstances and coping resources – these change as we go through various life hurdles."

Also very important: you need to develop certain skills. Learn to say NO.

"Identify the sources of stress in your life and deal with it by either changing the situation (avoid or alter the stressor) or changing you reaction (adapt to or accept the stressor). You should also learn techniques to set priorities and organise your time."

On an interpersonal level, Roos suggests it is important to have someone who will listen to you without criticising, or who will give you honest feedback.

"Also, seek help when you need it. This is actually a sign of strength."

There are also several professional strategies you can follow. Pace yourself, make regular time for meal breaks and set time boundaries: be on time for appointments and try not to go over them. "Beware of overworking: this includes taking on too many responsibilities, working regular overtime, taking work home or taking calls at home," Roos says.

She adds that each person is responsible for addressing their own situation.

"It is not in your environment; it is not in luck or chance, or the help of others: it is in yourself alone." (Marsden, 1987)

## Causes of burnout

Work-related
- Feeling like you have little/no control over your work
- Lack of recognition or rewards for good work
- Unclear or overly demanding job expectations
- Doing work that's monotonous or unchallenging
- Working in a chaotic/high-pressure environment

Lifestyle
- Working too much, without enough time for relaxing and socialising
- Being expected to be too many things to too many people
- Taking on too many responsibilities, without enough help from others
- Lack of good quality sleep
- Lack of close, supportive relationships

Personality traits
- Perfectionistic tendencies – nothing is ever good enough
- Pessimistic view of yourself and the world
- The need to be in control; reluctance to delegate to others
- High-achieving, Type A personality







# Ewige student

*Sedert begin vanjaar is prof Stan du Plessis dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, maar maak ook in die privaatsektor naam as 'n gerekende ekonoom. ILSE ARENDSE het met hom gesels.*

Dat hier in Matieland hope talent is, is nie te betwyfel nie – kyk maar vir prof Stan du Plessis, dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe wat met sy kenmerkende helder dasse en uitnemende professionele bydraes gereeld die aandag trek.

Hy werk ook deeltyds as 'n ekonoom vir die aandelemakelaars Prescient Securities en beklee die vierde posisie in die kategorie vir innoverende navorsing op die *Financial Mail* se jongste ranglys van ontleders. So, wat is sy resep vir sukses?

"Daar is geen geheim nie. Soos almal vind ek dit uitdagend om by alles uit te kom, maar my entoesiasme vir my werk en uitstekende kollegas help my om die verskillende take baas te raak. Hoewel ek altyd my bes probeer, maak ek ook foute en slaag telkens nie, maar ek probeer uit my foute leer," vertel Du Plessis.

*"Soos almal vind ek dit uitdagend om by alles uit te kom, maar my entoesiasme vir my werk en uitstekende kollegas help my om die verskillende take baas te raak."*

Sy werk as dekaan verg 'n fyn balans tussen akademiese en administratiewe pligte, leierskap en ondersteuning, aansporing en ontmoediging, asook die kans om met twee uitstekende spanne – een in die fakulteit en een op die breër kampus – saam te werk.

"Ek geniet die uitdagings om hierdie dimensies met mekaar te balanseer, maar ek bly steeds 'n ekonoom en vind die wêreld wat ons skep met sy uitdagings en verrassende oplossings boeiend."

As dekaan wil Du Plessis stukrag verleen aan 'n aantal inisiatiewe, onder meer leer-en-onderrig-aktiwiteite en die ondersteuning van nuwe denke rondom die gebruik van informasietegnologie. "Ek is self 'n entoesiastiese dosent wat nog baie te leer het oor nuwe moontlikhede in leer en onderrig. Daarmee saam gaan die opgradeer van fasiliteite waarmee ons fluks vorder."

Die nagraadse skool vir voltydse doktorale studente is vir hom 'n hoë prioriteit en vorm deel van sy navorsingstrategie vir die fakulteit. "Ek wil ook my kollegas help om saam met ons gemeenskappe die kennis wat ons in die fakulteit skep en oordra, prakties toe te pas. Daar is reeds belangrike suksesse op hierdie gebied, maar daar is nog heelwat geleenthede".

Hoekom het hy juis die akademie gekies? Volgens Du Plessis is universiteite ongelooflike instansies en is hy gelukkig dat die vakrigting wat hom voorgraads die meeste aangegryp het, Ekonomie, inherent 'n akademiese rigting is, selfs wanneer jy dit in die privaatsektor beoefen. Daarom, sê hy, was hy 'n student selfs toe hy 'n ekonoom in die privaatsektor in die 1990's was, en sy akademiese werk sedertdien het naatloos gevolg op die werk wat hy toe gedoen het.



Prof Stan du Plessis — Foto: STEFAN ELS

Tussendeur die werk kry hy ook kans vir sy gesinslewe. Du Plessis is getroud met Helena en het twee dogters, Julia (8) en Lara (5).

"Mense sal my dalk herken as die man wat op skoologgende met twee dogtertjies, 'n groot swart poedel en 'n klein schnauzer Laerskool Eikestad toe stap. Ek is ook 'n entoesiastiese gholfspeler. Ek en my gesin is gelukkig in Stellenbosch en ek sien uit daarna om te sien hoe my kinders hul eie belangstellings ontdek en ontwikkel."

En wat wil hy nog vermag? "My spesialiteitsveld van Monetêre Ekonomie ondergaan 'n omwenteling en ek hoop om 'n deelnemer in die gesprek oor die herskikking van die veld en die toepas daarvan in monetêre beleid te bly. Binne die Universiteit fokus ek al my aandag op my werk as dekaan, maar hoop dat ek uiteindelik weer voltyds in die Departement Ekonomie tuis sal wees."



*Profs Bernd Fischer and Lynette van Zijl of the Department of Computer Science in the Faculty of Science both delivered their inaugural lectures on Tuesday 5 Augustus. The title of Van Zijl's address was "Behind the Scenes: Computer Science is more than just programming", while Fischer talked about "Seeing things in the Clouds: Browsing semi-structured data with tag clouds over concept lattices". Pictured at the inaugural lecture are (from left to right) Profs Louise Warnich, Dean of the Faculty of Science, Fischer, Van Zijl and Eugene Cloete, Vice-Rector (Research and Innovation).* Photo: JUSTIN ALBERTS



*SU's Faculty of Medicine and Health Sciences recently held its 58th Annual Academic Day. The programme included 80 poster and 80 oral presentations, six state-of-the-art presentations, and keynote addresses from the dean, Prof Jimmy Volmink, and guest speaker Prof Glenda Gray, president of the South African Medical Research Council (MRC). The Annual Academic Day focused on health system strengthening; non-communicable disease; infectious disease; mental health and neuroscience; and maternal and child health.*



*Die Wes-Kaapse minister van ekonomiese geleenthede, Alan Winde, het die US besoek op uitnodiging van die Fakulteit AgriWetenskappe. Prof Danie Brink, waarnemende dekaan, het 'n voorlegging gemaak om aan die minister 'n oorsig te gee van die fakulteit se opleidings- en navorsingskapasiteit, asook sy belangrikste fokusareas. Hier is (van links agter) prof Maret du Toit (Wingerd- en Wynkunde), dr Gunnar Sigge (Voedselwetenskap), dr Willem de Clerqc (Grondkunde); (voor) dr Michael-John Freeborough (fakulteitsbestuurder), prof Kennedy Dzama (Veekundige Wetenskappe), Winde en Brink.* Foto: ANTON JORDAAN

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERENCING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★
Sincerely Yours
PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007



GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com

## ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

### VERBLYF / ACCOMMODATION

**Furnished Apartments:** Fully furnished and equipped 2-bedroom apartments in the center of town (Neethlingstreet). Walking distance to town, university, etc. Visit our webpage: www.stellenboschapartment.co.za.
Tel: 082 689 8100

### TE KOOP / FOR SALE

Uiteindelik!! 'n Natuurlike produk om ontslae te raak van oortollige gewig, met vinnige resultate en geen newe effekte. "Ek trek nou by 8,7kg af en 3 nommers kleiner. Ek het vandag my laaste pil van die eerste boksie gedrink, so dis nou 30 dae. Ek meet my sommer met my jean; het by no.46 begin, trek nou by no.40. Ek is baie trots op myself!" – 'n tevrede kliënt. E-pos aan alfredacoetzee@gmail.com.

Will your retirement fund beat the inflation race?

t +27 21 887 3360 • info@carinusstrydom.com • www.carinusstrydom.com

**Are you confident that your retirement fund is geared to beat the inflation race?**

A regular review of the performance of your fund will give you the opportunity to identify potential shortfalls and help you bring your retirement investment in line with your requirements.

Retirement annuities are tax effective investments to supplement your retirement fund, giving it a boost to beat the inflation race.

So why not contact carinus strydom today and find out how a retirement annuity can supplement your retirement investment.

www.carinusstrydom.com

carinus strydom
AN APPROVED FINANCIAL SERVICES PROVIDER FSP NO 6516